

**NORTHERN CAPE PROVINCE**

**PROFENSI YA KAPA-BOKONE**



**NOORD-KAAP PROVINSIE**

**IPHONDO LOMNTLA KOLONI**

**EXTRAORDINARY • BUITENGEWONE**

**Provincial Gazette  
Kasete ya Profensi**


**iGazethi YePhondo  
Provinsiale Koerant**

**Vol. 20**

**KIMBERLEY, 25 SEPTEMBER 2013**

**No. 1736**

**We all have the power to prevent AIDS**



**AIDS  
HELPLINE**

**0800 012 322**

DEPARTMENT OF HEALTH

**Prevention is the cure**

*N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes*



**IMPORTANT NOTICE**

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

---

**CONTENTS • INHOUD**

<i>No.</i>		<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>
<b>GENERAL NOTICE • ALGEMENE KENNISGEWING</b>			
105	Northern Cape Provincial Legislature: Northern Cape Use of Official Languages Bill, 2013.....	3	1736
105	Noord-Kaap Provinsiale Wetgewer: Noord-Kaapse Wetsontwerp op die Gebruik van Amptelike Tale, 2013 .....	3	1736

---

---

## GENERAL NOTICE • ALGEMENE KENNISGEWING

---

### NOTICE 105 OF 2013

#### NORTHERN CAPE PROVINCIAL LEGISLATURE:

#### NORTHERN CAPE USE OF OFFICIAL LANGUAGES BILL, 2013

The Afrikaans version of the Northern Cape Use of Official Languages Bill, 2013 contained in this Notice must be read with the Notice as published in Extra Ordinary Gazette No. 1734, dated 20 September 2013.

---

### KENNISGEWING 105 VAN 2013

#### NOORD-KAAP PROVINSIALE WETGEWER:

#### NOORD-KAAPSE WETSONTWERP OP DIE GEBRUIK VAN AMPTELIKE TALE, 2013

Die Afrikaanse weergawe van die Noord-Kaapse Wetsontwerp op die Gebruik van Amptelike Tale, 2013 vervat in hierdie Kennisgewing moet saamgelees word met die Kennisgewing gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 1734 van 20 September 2013.

## Noord-Kaapse Wetsontwerp op die Gebruik van Amptelike Tale, 2013

**WETSONTWERP**

Om vir die beheer en monitering van die gebruik van amptelike tale deur die Provinsiale Regering vir regeringsdoeleindes voorsiening te maak; om van die Uitvoerende Raad te vereis om 'n provinsiale taalbeleid te aanvaar; om vir die instelling en werksaamhede van 'n provinsiale taaleenheid voorsiening te maak; om vir monitering van en verslagdoening oor die gebruik van amptelike tale deur die Provinsiale Regering voorsiening te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleendiede wat daarmee in verband staan.

**AANHEF**

**AANGESIEN** die amptelike tale van die Republiek ooreenkomstig die Grondwet bevorder en nagestreef moet word;

**EN AANGESIEN** artikel 6 van die Grondwet vir 11 amptelike tale van Suid-Afrika voorsiening maak; die verminderde gebruik en status van inheemse tale erken en van die Staat vereis om praktiese en positiewe maatreëls in te stel om die status te verhoog en die gebruik van amptelike tale te bevorder;

**EN AANGESIEN** die Grondwet vereis dat alle amptelike tale gelykheid van aansien moet geniet en gelykwaardig behandel word;

**EN AANGESIEN** artikel 6(4) van die Grondwet bepaal dat elke Provinsiale Regering deur wetgewing en ander maatreëls sy gebruik van amptelike tale moet reguleer en moniteer,

**DAAROM WORD DAAR** deur die Provinsiale Wetgewer van die Noord-Kaap soos volg bepaal:-

**INDELING VAN ARTIKELS**

5

**Artikels**

1. Woordoms krywing
- 10 2. Doelstellings van Wet
3. Toepassing van Wet
- 15 4. Taalbeleid vir die Provinsiale Regering
5. Instelling van provinsiale taaleenheid
6. Werksaamhede van provinsiale taaleenheid
- 20 7. Aanstelling van taalbeamptes in provinsiale departemente

8. Werksaamhede van taalbeamptes in provinsiale departemente
9. Monitering, afdwing en verslagdoening oor gebruik van amptelike tale
- 5 10. Jaarverslag aan Provinsiale Wetgewer
11. Interdepartementele forum op gebruik van amptelike tale
12. Regulasies
- 10 13. Kort titel en inwerkingtreding

### Woordomskrywing

- 15 1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –
- “**amptelike taal**” ‘n amptelik taal in artikel 6(1) van die Grondwet bedoel;
- “**Departement**” die provinsiale Departement van Sport, Kuns en Kultuur;
- 20 “**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- “**hierdie Wet**” ook die regulasies kragtens die Wet gemaak;
- 25 “**Premier**” die Premier van die Provinsie Noord-Kaap kragtens artikel 128 van die Grondwet verkies;
- “**provinsiale departement**” ‘n Noord-Kaapse provinsiale departement opgeneem in Bylae 2 tot die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), en ook die
- 30 Kantoor van die Premier opgeneem in Bylae 1 van daardie Wet;
- “**provinsiale openbare instelling**” ‘n provinsiale openbare instelling omskryf in artikel 1, opgeneem in Bylae 3 tot die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999) en toegewys aan ‘n provinsiale departement kragtens daardie
- 35 Wet;
- “**Provinsiale Regering**” alle Noord-Kapse provinsiale departemente en provinsiale openbare entiteite;
- 40 “**provinsiale taaleenheid**” die provinsiale taaleenheid kragtens artikel 5 ingestel;
- “**Provinsie**” die Provinsie van die Noord-Kaap ingestel by artikel 103(1)(g) van die Grondwet;
- 45 “**regeringsdoeleindes**” ook wetgewing en aangeleenthede in artikel 4(2)(c) genoem;
- “**taalbeampte**” ‘n taalbeampte kragtens artikel 7 aangestel;

“**Uitvoerende Raad**” die Uitvoerende Raad van die Provinsie in artikel 132 van die Grondwet bedoel;

5 “**verantwoordelike Lid**” die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir taalaangeleenthede; en

“**voorskryf**” by regulasie voorskryf.

#### 10 **Doelstellings van Wet**

2. Die doelstellings van hierdie Wet is –

- 15 (a) om die gebruik van amptelike tale deur die Provinsiale Regering vir regeringsdoeleindes te reguleer en moniteer;
- (b) om gelykheid, aansien en gelykwaardige behandeling van die amptelike tale van die Provinsie te bevorder; en
- 20 (c) om voortreflike taalhantering deur die Provinsiale Regering vir doeltreffende openbare dienslewering te bevorder en om aan die behoeftes van die inwoners van die Provinsie te voldoen.

#### Toepassing van die Wet

25 3. (1) Hierdie Wet bind alle –

- (a) provinsiale departemente; en
- 30 (b) provinsiale openbare instellings.
- (2) Hierdie Wet geniet voorrang bo enige strydige bepaling van enige ander provinsiale wet wat met die gebruik van amptelike tale deur die Provinsiale Regering handel.

#### 35 **Taalbeleid vir die Provinsiale Regering**

4. (1) Die Uitvoerende Raad moet, ooreenkomstig artikel 125(2)(d) van die Grondwet, binne 18 maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet, ‘n taalbeleid aangaande die gebruik deur die Provinsiale Regering van
- 40 amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanvaar.
- (2) ‘n Taalbeleid wat kragtens subartikel (1) aanvaar word moet –
- (a) voldoen aan die bepalings van artikel 6(3)(a) van die Grondwet;

- 5
- (b) minstens 4 amptelike tale wat die Provinsiale Regering vir regeringsdoeleindes gaan gebruik identifiseer;
- (c) aantoon hoe amptelike tale, onder meer, gebruik sal word om doeltreffend met die publiek te kommunikeer, in amptelike kennisgewings, regeringspublikasies en inter- en intradepartementele skakeling;
- 10
- (d) aandui hoe die Provinsiale Regering doeltreffend sal skakel met lede van die publiek wie se taal van keuse –
- (i) nie 'n amptelike taal in paragraaf (b) bedoel is nie; of
- (ii) Suid-Afrikaanse gebaretaal is;
- 15
- (e) aandui hoe lede van die publiek die taalbeleid kan bekom;
- (f) voorsiening maak vir 'n beswaremeganisme om lede van die publiek in staat te stel om beswaar te maak teen die gebruik van amptelike tale deur die Provinsiale Regering;
- 20
- (g) voorsiening maak vir enige ander aangeleentheid wat die verantwoordelike Lid kan voorskryf; en
- 25
- (h) deur die Premier in die *Provinsiale Koerant* geproklameer word alvorens dit in werking tree.
- 30
- (3) By die identifisering van minstens 4 amptelike tale soos bedoel in subartikel (2)(b), moet die Provinsiale Regering sy verpligting ooreenkomstig artikel 6(2) van die Grondwet in ag neem, om praktiese en positiewe maatreëls te tref om die status te verhoog en die gebruik van inheemse tale met historiese verminderde gebruik en status te bevorder.
- 35
- (4) 'n Taalbeleid kragtens subartikel (1) aanvaar, bind en moet afgedwing word deur –
- (a) die verantwoordelike Lid;
- (b) alle provinsiale departemente; en
- 40
- (c) alle provinsiale openbare instellings.
- (5) Die Provinsiale Regering moet –
- 45
- (a) verseker dat 'n afskrif van sy taalbeleid op aanvraag deur lede van die publiek by al sy kantore beskikbaar is; en

- (b) op so 'n manier en plek by al sy kantore, 'n opsomming van sy taalbeleid vertoon dat dit deur die publiek gelees kan word.

#### **Instelling van provinsiale taaleenheid**

5

5. Die verantwoordelike Lid moet –

(a) binne die Departement 'n taaleenheid instel; en

10

(b) sorg dat die provinsiale taaleenheid voorsien word van menslike hulpbronne, administratiewe hulpbronne en ander hulpbronne wat nodig is vir sy doeltreffende werking.

#### **Wersaamhede van provinsiale taaleenheid**

15

6. Die provinsiale taaleenheid moet –

(a) die verantwoordelike Lid oor beleide en strategie adviseer –

20

(i) om die gebruik van amptelike tale vir regeringsdoeleindes deur die Provinsiale Regering te reguleer en moniteer;

(ii) om gelykheid van aansien en gelykwaardige behandeling van die amptelike tale van die Republiek te bevorder;

25

(iii) om voortreflike taalhantering deur die Provinsiale Regering te bevorder; en

(iv) aangaande die wersaamhede van taalbeamptes in artikel 7 bedoel;

30

(b) oorlegpleeg met en die algemene koördinering van taalbeamptes in artikel 7 bedoel bevorder; en

(c) enige ander wersaamheid wat die verantwoordelike Lid mag voorskryf, uitvoer.

35

#### **Aanstelling van taalbeamptes in provinsiale departemente**

7. Elke provinsiale departement moet vir daardie departement 'n taalbeampte aanstel of aanwys.

40

#### **Wersaamhede van taalbeamptes in provinsiale departemente**

8. 'n Taalbeampte moet –

45

(a) die hoof van die provinsiale departement aangaande die toepassing van die taalbeleid vir die provinsiale departement adviseer;



- 5
- (b) die gebruik van amptelike tale deur die betrokke provinsiale departement  
moniteer en beoordeel;
- (c) nakoming deur die provinsiale departement van die taalbeleid moniteer en  
beoordeel;
- 10
- (d) kragtens artikel 9 'n verslag aan die verantwoordelike Lid , deur die hoof van  
die betrokke provinsiale departement, opstel en voorlê;
- (e) gelykheid van aansien en gelykwaardige behandeling van amptelike tale van  
die Republiek binne die betrokke provinsiale departement bevorder;
- 15
- (f) voortreflike taalhantering deur die provinsiale departement en alle  
provinsiale openbare instellings aan daardie provinsiale departement  
toegewys kragtens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No.  
1 van 1999) bevorder; en
- (g) enige ander werksaamhede wat die verantwoordelike Lid mag voorskryf,  
verrig.
- 20

**Monitering, afdwing en verslagdoening oor die gebruik van amptelike tale**

- 25
9. (1) Die verantwoordelike Lid moet die gebruik van amptelike tale vir  
regeringsdoeleindes deur die Provinsiale Regering moniteer en afdwing.
- (2) Die hoof van 'n provinsiale departement moet, in sy of haar departement en  
in enige provinsiale openbare instelling aan daardie departement kragtens  
die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999)  
toegewys, die Provinsiale Regering se taalbeleid moniteer en afdwing.
- 30
- (3) Die hoof van elke provinsiale departement moet 'n verslag aan die  
verantwoordelike Lid voorlê oor –
- 35
- (a) die doen en late van die departement se taalbeampte;
- (b) die implementering van die departement se taalbeleid;
- (c) enige klagtes ontvang aangaande die departement se gebruik van  
amptelike tale en hoe daar met hierdie klagtes gehandel is; en
- 40
- (d) enige ander aangeleentheid wat die verantwoordelike Lid mag  
voorskryf.
- 45
- (4) Die verantwoordelike Lid kan die vorm en inhoud van 'n verslag wat  
kragtens subartikel (3) voorgelê moet word en die tussenposes vir  
voorlegging daarvan voorskryf.

5 (5) Die verantwoordelike Lid kan, ondanks die bepalings van subartikels (3) en (4), te eniger tyd van die hoof van 'n provinsiale departement vereis om binne 'n tydperk deur die verantwoordelike Lid bepaal 'n verslag oor die departement se gebruik van amptelike tale aan die verantwoordelike Lid voor te lê.

10 (6) Die verantwoordelike Lid kan die hoof van 'n provinsiale departement wat nie aan die een of ander bepaling van hierdie Wet voldoen nie aansê om binne 'n tydperk deur die verantwoordelike Lid bepaal, aan die Wet te voldoen.

#### Jaarverslag aan Provinsiale Wetgewer

15 10. Die verantwoordelike Lid moet elke jaar, nie later nie as die laaste dag van Maart, 'n verslag oor die status en gebruik van amptelike tale vir regeringsdoeleindes deur die Provinsiale Regering in die Provinsiale Wetgewer ter tafel lê.

#### Interdepartementele forum op gebruik van amptelike tale

20 11. (1) Die verantwoordelike Lid kan –

(a) 'n interdepartementele forum instel –

25 (i) om algemene koördinerende, samewerking en raadpleging tussen provinsiale departemente oor die gebruik van amptelike tale vir regeringsdoeleindes te bevorder;

30 (ii) om die implementering van die provinsiale taalbeleid te koördineer, te rig en te monitor; en

(iii) om enige ander werksaamheid wat die verantwoordelike Lid mag voorskryf te verrig;

35 (b) ten opsigte van so 'n forum –

(i) sy samestelling bepaal;

(ii) sy verwysingsraamwerk bepaal;

40 (iii) sy vergaderings byeenroep; en

(iv) enigiets anders wat vir sy doeltreffende werking nodig is bepaal.

45 (2) Die verantwoordelike Lid is die voorsitter van die interdepartementele forum kragtens subartikel (1) ingestel.

**Regulasies**

- 5           12.   (1)   Die verantwoordelike Lid kan, met die goedkeuring van die Uitvoerende Raad, regulasies, nie strydig met die bepalings van hierdie Wet maak aangaande –
- (a)    die vorm en inhoud van die taalbeleid;
- 10           (b)    tydperke vir aanstelling van 'n taalbeampte;
- (c)    die vorm en inhoud van 'n verslag in artikel 9 bedoel;
- (d)    enigiets wat kragtens hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word; en
- 15           (e)    enige aangeleentheid ten opsigte waarvan die verantwoordelike Lid dit nodig of wenslik ag om regulasies te maak ten einde die doelstellings van hierdie Wet te bereik.
- 20           (2)    Alvorens regulasies kragtens hierdie Wet gemaak word, moet die verantwoordelike Lid –
- (a)    die voorgestelde regulasies vir openbare kommentaar in die *Provinsiale Koerant* publiseer;
- 25           (b)    'n tydperk van minstens 30 dae vir skriftelike verhoë oor die voorgestelde regulasies aan die verantwoordelike Lid toelaat; en
- (c)    enige sodanige geskrewe verhoë wat ontvang is oorweeg.

30           **Kort titel en inwerkingtreding**

13.       Hierdie Wet heet die Noord-Kaapse Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2013, en tree in werking op 'n datum deur die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.









Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel: (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515

Also available at the **Northern Cape Provincial Legislature, Private Bag X5066, Nobengula Extension, Kimberley, 8301.**

Tel. (direct line): (053) 839-8073. Fax: (053) 839-8094

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001. Tel: (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515

Ook verkrygbaar by die **Noord-Kaap Provinsiale Wetgewer, Privaatsak X5066, Nobengula-uitbreiding, Kimberley, 8301.**

Tel. (direkte lyn): (053) 839-8073. Faks: (053) 839-8094